higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

21 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 A
1.4 B
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Lees die antwoord saam met die vraestel. Die student moet die stelling korrigeer. Die gekorrigeerde gedeelte is onderstreep.

2.1 Waar (1)

2.2 Waar (1)

2.3 Onwaar✓ − Die Openbare Beskermer het nie jurisdiksie oor private maatskappye nie.✓ (2)

2.4 Onwaar✓ − Voor 1994 het die polisie bekendgestaan as die Suid-Afrikaanse Polisie en na 1994 het dit die Suid-Afrikaanse Polisiediens geword.✓ (2)

2.5 Onwaar✓ − Die belangrikste doelwit van SANParks se bewaarders is om integriteitspatrollies uit te voer om die park se fauna en flora waar te neem en te monitor.✓ (2)

2.6 Waar (1)

2.7 Waar (1)

2.8 Onwaar✓ − Die Stasiekommissaris moet onmiddellik nadat hy daarvan bewus word, die Direktoraat oor 'n saak wat ondersoek moet word, inlig.✓ (2)

2.9 Onwaar✓ − Gemeenskapspolisiëringsforums het nie magte oor polisiëring en wetstoepassing nie.✓ (2)

2.10 Waar (1)
[15]

Kopiereg voorbehou
asseblief

VRAAG 3

3.1 C
3.2 E
3.3 I
3.4 G
3.5 J
3.6 A
3.7 F
3.8 B
3.9 H
3.10 D

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Deelname in pogings om die oorsaak van misdaad in die gemeenskap te hanteer.
- Voorkomende optrede teen optrede wat die veiligheid en sekerheid van enige gemeenskap sal bedreig.
- Ondersoek na kriminele optrede wat die veiligheid en sekerheid van die gemeenskap in gevaar stel en om oortreders te straf. (3)

4.2 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige DRIE van die volgende:**
- Klagtes van insidente voor die instelling daarvan.
- Klagtes oor personeel van Korrektiewe Dienste, hofbeamptes en lede van die SANW.
- Sake wat hanteer is, word deur die howe hanteer.
- Sake wat nie krimineel is nie.
- Sake van nienakoming aan die Wet op Gesinsgeweld deur lede van die SAPD.
- Klagtes van dienslewering teen lede van die SAPD en MPD. (3)

4.3 **Opmerking aan die nasiener: Enige EEN van die volgende:**
- Antiterreur
- Georganiseerde en opkomende misdaad
- Kubermisdaad (1)

Kopiereg voorbehou

4.4 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige DRIE van die volgende:**

- Ondersoek: Ondervra getuies, inspekteer en verwyder artikels, neem foto's en klankopnames, en neem monsters.
- Inspekteer: Betree persele om te bepaal of wetgewing nagekom word en lê beslag op getuienis van kriminele aktiwiteit.
- Dwing af: Deursoek persele, houers, vaartuie, ens. en lê beslag op bewyse en smokkelware, stel badblokkades op en maak arrestasies.
- Administrasie: reik kennisgewings van klagtes en boetes vir erkenning van skuld uit. (3)

[10]

VRAAG 5

5.1 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige TWEE van die volgende:**

- Vergelding.
- Afskrikking.
- Rehabilitasie.
- Misdaadvoorkoming:
- Verbreek die misdaadsiklus. (2)

5.2

- Die binnelandse tak van die SSA.
- Die buitelandse tak van die SSA.
- Weermagintelligensie van die SANW.
- Kriminele intelligensie van die SAPD. (4)

5.3 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige VIER van die volgende:**

- Oewerkonyn
- Swartrenoster.
- Pickersgill-rietpadda.
- Kransaasvoël.
- Afrika-wildehond.
- Jagluiperd.
- Noordelike witrenoster.
- Afrika-pikkewyn
- Bloukraanvoël.
- Knysna-seeperdjie. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou
asseblief

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Iemand wat inligting bekendmaak oor 'n persoon of organisasie wat aan onwettige en immorele aktiwiteite deelneem. (1)

6.2 Enigiemand kan by die Openbare Beskermer 'n klag lê. (1)

6.3 Sodra dit ontvang is, word geregverdigde klagtes ondersoek. Hulle kan die saak ook aan die Parlement rapporteer.✓ Ondersoeke word meestal informeel gedoen, maar die Openbare Beskermer mag mense ontbied om onder eed of bevestiging getuienis te lewer.✓ (2)

6.4 Die Openbare Beskermer kan die regering op enige vlak, wat die president in hierdie geval insluit, ondersoek. (1)

6.5
- Enige persoon wat 'n openbare funksie vervul.
- Korporasies of maatskappy waarby die staat betrokke is.
- Statutêre rade. (3)

6.6 Private persone, private maatskappye en hofbeslissings. (1)

6.7 Die SA Menseregtekommissie beskik oor al die mag om menseregte te bevorder en beskerm,✓ om die nakoming van menseregte te monitor en assesseer, om navorsing te doen en te onderrig,✓ om ondersoek na die skending van menseregte uit te voer en om, waar nodig, toepaslike regstelling te verseker.✓ (3)

6.8
- Ondersoek klagtes van brutaliteit, kriminaliteit en wangedrag deur lede van die SAPD en MPD.
- Werk onafhanklik van die SAPD.
- Bevorder behoorlike optrede deur die polisie. (3)

[15]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Gemeenskapspolisëringsforums. (1)

7.1.2 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige DRIE van die volgende:**
- Vestig en handhaaf 'n vennootskap tussen die gemeenskap en die SAPD.
- Bevorder kommunikasie tussen die SAPS en die gemeenskap.
- Bevorder samewerking tussen die SAPD en die gemeenskap ten einde aan die gemeenskap se behoeftes oor polisiëring te voldoen.
- Verbeter die lewering van polisiediens aan die gemeenskap op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke.
- Bevorder deursigtigheid in die SAPD en aanspreeklikheid aan die gemeenskap.
- Bevorder gesamentlike identifisering van probleme en probleemoplossing deur die SAPD en die gemeenskap. (3)

Kopiereg voorbehou

7.2 7.2.1 Mense eerste (1)

7.2.2 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Lees saam met die vraestel; laat die student se eie interpretasie van die vraag toe.**
- Alle departemente gebruik dieselfde beginsels aangesien dit rigtinggewend is, maar hulle hoef dit nie op dieselfde maniere toe te pas nie.
- Die beginsels word in breë trekke verskaf sodat nasionale en provinsiale departemente dit ooreenkomstig hul eie behoeftes en omstandighede kan toepas. (2)

7.2.3
- Die manier waarop nasionale en provinsiale polisiedepartemente bestuur word.
- Hoe goed hulle presteer.
- Die hulpbronne wat hulle verbruik.
- Die mense in beheer. (4)

7.3 7.3.1 **OPMERKING AAN DIE NASIENER: EEN punt vir die identifisering en EEN punt vir die motivering:**
Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK).
Hulle ondersoek sake oor beweerde menseregteskendings. (2)

7.3.2 Ja. 'n Klagte mag namens 'n ander persoon, groep of klas persone gelê word. (1)

7.3.3 Die SAMRK is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat alle Suid-Afrikaners die ideale oor menseregte wat in die Grondwet uitgespreek is, geniet. (1)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

8.1 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige VYF punte vir die tak vir burgersake en enige VIER punte vir die tak vir immigrasiesake.**

Die tak vir burgersake:
- is die bewaarder van die nasionale bevolkingsregister wat rekord is van alle burgers en permanente inwoners, wat hul status insluit, dus getroud of oorlede.
- Dienste sluit in die uitreiking van dokumente aan burgers nadat hul status bevestig is.
- Dit sluit geboorte-, huweliks- en sterfsertifikate en reisdokumente in.
- Bevestiging van identiteit is 'n diens wat aan alle regeringsinstellings, banke, en private-sektorinstellings gelewer word.
- Burgersake hef fooie vir sommige van hierdie dienste.

- Die aktiwiteite vind op nasionale en provinsiale vlak plaas.
- Dit behels die verskaffing en bestuur van die identiteit en status van burgers, permanente inwoners en persone met vlugtelingstatus.
- Kliënte word by meer as 700 persele bedien, wat plaaslike en mobiele kantore, gesondheidsfasiliteite en banktakke insluit.

Die tak vir immigrasiesake:

- Bepaal die status en identiteit van buitelanders, bevorder beweging van mense deur binnekomshawens, reguleer immigrasie deur permitte uit te reik en stelsels vir die beheer van beweging te gebruik en verskaf konsulaatdienste in die buiteland.
- Hulle is by binnekomshawens en streekskantore in provinsies.
- Beskik oor 'n inspektoraat wat verantwoordelik is vir die afdwing van immigrasiewette en -regulasies.
- Verantwoordelik vir die verwerking en bepaling van die status van asielsoekers en vlugtelinge.
- Verantwoordelik vir die bestuur van houfasiliteite vir onwettige immigrante wat op deportasie wag.
- Verantwoordelik vir die fasilitering van die beweging van mense in en uit die land uit. (9)

8.2 Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO). (1)

8.3 **OPMERKING AAN DIE NASIENIER: EEN punt vir die opskrif en EEN punt vir die verduideliking:**

Grensbestuurowerheid (BMA)✓

- Verantwoordelik vir wetstoepassing aan grense en die breër gemeenskap – dit sluit toesig, beheer en doeltreffende integrering van frontliniegrensbestuur in.✓

Verwerkingsentra vir asielsoekers✓

- Betrokke by die ontwikkeling van 'n sentrum vir die bestuur van asielsoekers naby die Lebombo-grenspos in Mpumalanga.✓

Ontwikkeling van ses binnekomshawens.✓

- Het 'n publieke-privaatvennootsakp met die Nasionale Departement van Finansies aangegaan vir die herontwikkeling van SES binnekomshawens. Beitbrug, Ficksburg, Kopfontein, Lebombo, Maseru en Oshoek.✓

Vennootskap met banke en Binnelandse Sake✓

- Begin van die implementering en gebruik van aanlyn dienste om slim ID-kaarte en paspoorte deur die Departement van Binnelandse Sake en groot banke uit te reik.✓

Tussenregeringsbetrekkinge✓

- Fasiliteer verskeie betrekkinge met ander lande met die klem op visumooreenkomste, grensbestuur, mensesmokkel en -handel en samewerking oor migrasie en burgersake.✓ (10)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou